



ecsponuus

Ecsponent blink uit

Ecsponent het hom die afgelope jaar daarop toegespits om toenemend te belê in finansiële dienstemaatskappye wat in Afrika en die res van die wêreld betrokke is.

Dit het gelei tot uitstekende finansiële state vir die boekjaar tot 31 Desember 2014 wat pas deur Ecsponent vrygestel is. Nie alleen het ons inkomste met 53.9% toegeneem nie. Ons totale batewaarde het 148.5% gestyg en die na-belaste wins met 420%!

Die Finansiële Dienste-afdeling was die uitbinker met sy inkomste wat met 169% tot R23,4 miljoen toegeneem het. Die aantal toegekende beleggings van die afdeling het ook viervoudig tot R103 miljoen gestyg.

In die Financial Mail van 9 April 2015 word Ecsponent in Jamie Carr se artikel "Diamonds & Dogs" as 'n "diamant" uitgelig en

finansieringsopsies te ondersoek om winsgewendheid te verhoog.

Die uitbreidingsstrategie word gefinansier deur Ecsponent se genoteerde Voorkeuraandeleprogram wat verlede jaar deur die JSE goedgekeur is. 'n Reeks van R5 miljard is beskikbaar wat ons in staat stel om op 'n deurlopende basis kapitaal in te samel deur verskillende klasse voorkeuraandele uit te reik.

Die filiale het toegeneem van ses in Desember 2013 tot die huidige agtien.

Maar dis veral Ecsponent se betrokkenheid by biotegnologie wat uitstekend vaar en deur Carr beskryf word as 'n besigheid met ongelooflike potensiaal. Die Cryo-Save handelsmerk het R20.1 miljoen tot die groep se omset bygedra en sy plaaslike marktaandeel aansienlik vergroot.

Cryo-Save stoor stamselle en het 'n groot deurbraak gemaak deur 'n samewerkingsooreenkoms met Salveo Swiss Technologies van Genève te sluit. Salveo gebruik Switserse tegnologie vir stamselstoring en benut ook Cryo-Save se laboratoriums in Suid-Afrika. Dit beteken 'n laer koste-model sonder afbreuk aan gehalte en doeltreffendheid.

Die uitbreidingsstrategie word in die nuwe boekjaar voortgesit en verskeie nuwe filiale sal gekoop word. Die nuwe filiale moet egter winsgewend wees en by die groep se langtermynstrategie inskakel.



Euné Engelbrecht, Besturende Direkteur



word daar veral positief na die Finansiële Dienste-afdeling verwys wat baie sterk in Botswana, Swaziland en Zambië uitbrei.

Dié afdeling het die afgelope finansiële jaar veral uitgebrei deur maatskappye oor te neem en organies te groei. 'n Depositonemende lisensie is onder meer deur die Bank of Zambia aan Ecsponent toegeken. Dit beteken ons kan nou ook 'n bank in Zambië bedryf.

Die vraag na krediet is baie sterk en die Finansiële Dienste-afdeling is goed geposisioneer om gulde geleenthede te benut. Die bestuur is ook voortdurend besig om alternatiewe

Groete,

Euné

Notering beskerm beleggers

Beleggers in genoteerde maatskappye en veral voorkeuraandele geniet baie meer beskerming en gemoedsrus as beleggers in private maatskappye.

'n Genoteerde maatskappy moet aan 'n vaste stel vereistes van die JSE voldoen en word so streng beheer dat dit deursigtigheid vir jou as belegger verseker.

Die JSE is die waghond wat na jou belange omsien en word trouens vandag as die bes geregleerde aandelebeurs ter wêreld bestempel. Uit 144 lande het die World Economic Forum se Global Competitiveness Report die JSE die afgelope vyf jaar heel bo op die lys geplaas ten opsigte van doeltreffende regulasie en toesighouding.

Die uitvoerende hoof van die JSE, Nicky Newton-King, sê beleggers soek 'n omgewing wat hulle kan vertrou en wat met neergelegde reëls konsekwent optree.

Die beheer van die JSE is so streng dat daar al opgemerk is die belange van die belegger geniet prioriteit bo dié van maatskappye op die beurs!

"Ecsponent Beperk is op die JSE genoteer en sy produkte onder die voorkeuraandele-afdeling van die JSE. Dit beteken ons houermaatskappy, sowel as ons produkte word deur verskillende instansies gemoniteer wat verdere gemoedsrus aan beleggers verskaf," sê Dirk van der Merwe, groep finansiële direkteur van Ecsponent Beperk.

Ecsponent moes aan die reëls van die JSE se Sekuriteitsreguleringspaneel, Sekuriteitsreguleringskode en die Noteringsvereistes voldoen voor die notering kon plaasvind.

Verskeie instansies reguleer ook genoteerde maatskappye en produkte soos die Oorname Regulatoriese Paneel (ORP) wat onder meer minderheidsaandelehouers beskerm en verseker dat die maatskappy net beleggings maak wat tot voordeel van die maatskappy en sy beleggers strek.

Genoteerde maatskappye moet ook 'n ander JSE maatskappy kry wat as Korporatiewe Raadgewer vir die gewone aandele en as 'n skuldborg vir die voorkeuraandele optree en verseker dat die nuwe notering al die verpligtinge en regulasies van die JSE nakom.

Die Memorandum van Ecsponent se Voorkeuraandeleprogram is ook deur die JSE goedgekeur en enige verandering moet by die Maatskappy en Intellektuele Eiendomskommissie geregistreer word.

'n Genoteerde maatskappy mag ook volgens Van der Merwe net ouditeure gebruik wat op die paneel van ouditeure van die JSE voorkom. Hulle verseker die maatskappy se interne auditproses voldoen aan die vereistes van die JSE.

Die JSE vereis boonop dat 'n volstel geouditeerde state drie maande na jaareinde uitgereik word. Net so moet state elke ses maande bekend gemaak word en moet die hoogtepunte ook minstens in een koerant gepubliseer word.

Die direkteure aanvaar mede-aanspreeklikheid en het 'n baie belangrike oorsigrol. In Ecsponent se geval het die voorsitter, Richard Connellan, op die King III Komitee oor Korporatiewe Bestuur gedien en verskeie senior posisies op die JSE beklee. Dit sluit in bestuurder van die Noteringsafdeling en uitvoerende direkteur van die ORP. Keith Rayner, nie-uitvoerende-direkteur, het ook op advieskomitees van die JSE gedien en gehelp om die noteringsvereistes op te stel. Hy het ook op die King III sub-komitee gedien wat die beginsels tydens samesmeltings en oornames bepaal het.

Die JSE het 'n dividend kalender wat bepaal dat die afsnydatum van die dividend elke tweede Vrydag van die maand plaasvind en die betaling van die dividende, ná aftrekking van weerhoudingsbelasting, die daaropvolgende Maandag. Dit beteken die aantal dae in 'n maand kan van 28 tot 35 strek.

Die dividendbetaling word dus deur die JSE beheer en nie deur Ecsponent nie. 'n Belegger van Ecsponent kry 'n dividendkalender wat presies aandui hoeveel dae in 'n maandsiklus is, wanneer die dividend betaal word en wat die bedrag is – inligting wat die belegger in staat stel om vooruit te beplan!



JSE ... beste regulasies ter wêreld.

Buite die JSE word Ecsponent se produkte, soos ander finansiële produkte, ook deur die Finansiële Diensteraad en die SA Inkomstediens geregleer.

As u meer inligting oor ons produkte en hul eienskappe wil kry, skakel gerus u geakrediteerde finansiële adviseur of skakel ons regstreeks. 